



Ligdraer

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

16 Junie 2019

Oggenddiens 9H30

Aanddiens 18H00

**Hartlik welkom aan elkeen vanoggend
by ons ontmoeting met die Here**

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur
die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte



Dit is vanoggend vir ons
as lidmate van die GK
Ontdekkers 'n voorreg
om saam met Robert &
Liezl Robinson te mag
deel in die vreugde met
die doop van klein
Robert.

Gelukkige Verjaarsdag!



Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:

Skakel ons!




011 672 3810

Stuur e-pos!



info@ontdekkers.org.za



Besoek ons webbladsy

www.ontdekkers.org.za



“LIKE” & “SHARE”

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

Selfoonnommer: 060 342 3316

Baie welkom aan familie en vriende van Robert en Liezl Robinson van Somerset Wes. Robert, die seun van Robert en Dolly, doop vandag vir klein Robert. Ons gebede vir julle is dat hy baie vreugde, liefde en seën tot julle lewens sal toevoeg.

Gelukkige Vadersdag aan al die pa's! Mag julle almal 'n wonderlike dag saam met geliefdes geniet. Baie mense is soos "vaders" vir kinders of jy nou 'n pa, oupa, aangenome pa, voog pa, ouer broers, onderwysers of leiers in die gemeente is na wie ons kinders opkyk.

Ons dank ons Hemelse Vader vir die mans wat Hy in ons lewens gestuur het om ons te vorm en ons geloof te versterk.

"Die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou hele siel en met al jou krag. Jy moet jouself heelhartig verbind aan die gebooi wat Ek vandag vir jou gee. Skerp hierdie woorde by jou kinders in en praat met hulle daaroor by die huis en wanneer jy op pad is, wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan." Deuteronomium 6: 4 - 7

Neem asseblief kennis dat daar baie inligting op die kennisgewingborde in die saal geplaas word. Dit is te veel inligting om dit deur die Ligdraer te kommunikeer.

Dink asseblief in julle gebede aan:

- ❖ Willie Badenhorst wat 'n baie groot rug-operasie ondergaan het en tans tuis aansterk.
- ❖ Elsie Bezuidenhout wat baie siek is.
- ❖ Maarten Snyman wat uit die hospitaal ontslaan is en tuis aan sterk.

❖ **Hélène Op't Hof** wat in die hospitaal is.

- Kom wys ons jou **talente**, GROOT, KLEIN, JONK, OUD, voorbereid of onvorbereid, op **Vrydag, 30 Augustus 2019**, om 19H00 nm. Dit is nie 'n kompetisie nie, maar 'n heerlike kuier aand. Sop en vetkoek @ R 25 sal beskikbaar wees en die fondse is ten bate van die jeug. Skakel JC - 072 087 0932.
- **Eiers** (freelance / vrylopende hoenders se eiers) **te koop** @ R 50 /tray (18 eiers), **gemengde** tray, met jumbo, groot en medium. Bestellings moet voor Woensdag om 10H00 geplaas word en aflewering sal Donderdae plaasvind. Skakel Nic Putter - 082 439 9612.
- Petra van der Merwe verkoop vars lamsvleis @ R 85.00 /kg. Kontak haar by 072 844 7795.
- Die boek, "Gekies om te volhard" geskryf deur ds. Karel Steyn, bevat 'n aantal Bybelstudies (vir individue en groepe) aan die hand van die Dordtse Leereëls. R 55 /boek (verpakking en versending uitgesluit) Bestellings kan by Mockie, teen 20 Junie 2019, in die kerkkantoor geplaas word.

'n Lewende seën van een – deur Stephan Joubert

Trek ander mense enige voordeel uit die feit dat jy 'n kind van God is? Wel, leer by Paulus wat so iemand was. Hy was 'n een-man verskilmaker. Sy teenwoordigheid op enige plek het mense se lewens gered. Presies so iets gebeur in Handeling 27 terwyl Paulus op 'n boot is onderweg na sy gevangenskap in Rome. Dan tref 'n groot storm hulle skip. Dit het hulpeloos op die see rondgedryf. 'n Engel kom sê egter vir Paulus God wil hom in Rome hê om daar voor die keiser te getuig (vers 23-26). Daarom het Hy besluit om die lewens van almal aan boord saam met Paulus s'n te spaar. Dit gebeur omdat een van sy knegte aan boord is. Iewers maak ons die fout om te dink ons moet eers 'n groot skare wees voordat ons 'n verskil in die wêreld kan maak. Ons dink sukses is gelyk aan getalle. Groot kerke, baie getuies, reuse aksies... Toe nie! Getalle is nie 'n voorwaarde vir hemelse seën nie. Net een gelowige op die regte plek op die regte tyd is oorgenoeg. So sê God. Is jy daardie een? Is jy op die regte plek waar God jou in 'n seën vir ander wil verander?

Gegroet tot volgende week! 😊

OGGENDDIENS

TEMA: Die kleinste is die grootste!

Stemmingsliedere

Lied 543: 2 & 3

Lied 203: 1 & 3

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet

Lied 207: 1 & 3

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Versoeningsdiens

Hebreeers: 13: 1 - 6

Ps. 40: 4

Doop

Ps. 105: 5

Doop van Robert Robinson

Ps. 20: 3 & 4

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: Matteus 18: 1 - 14

Fokusvers: Matteus 18: 4

Antwoorddiens

Gebed

Sb. 16-1: 1 & 2 & 5 & 6

Groetseën

AMEN

AANDDIENS

TEMA: Die woestyn is 'n plek van genade!

Stemmingsliedere

Sb. 1-6: 1 & 3

Sb. 14-4: 1 - 4

Sb. 8-3

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet

Lied 200: 1 & 2

Ps. 42: 6 & 5

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: Jeremia 31: 1 - 9

Fokusvers: Jeremia 31: 2

Antwoorddiens

Gebed

Ps. 107-2: 1 & 2

Groetseën

AMEN

Lied 519: 1 - 4